kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandgnel@outlook.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 464

O Heer my God, as ek in eerbied wonder –
en al u werke elke dag aanskou:
Die son en maan, die aarde, sterre, wolke,
hoe U dit elke dag so onderhou…

Dan moet ek juig, my Redder en my God!
Hoe groot is U; hoe groot is U!
Want deur die hele skepping klink dit saam:
Hoe heerlik, Heer, u grote Naam!

Ek sien die veld – die bosse, berge, vlaktes.
Ek hoor hoe fluister grasse, stroom en wind.
O Heer, U sorg vir klein, vir groot, vir alles
en U sorg dag na dag vir my, u kind.

Woorddiens

Tema: "Ek wil by jou kom eet"

Skriflesing: Lukas 19:1-10

Broodjies vir die pad

Patience with God: The Story of Zacchaeus Continuing In Us

by Tomáš Halík

For all the debate about belief and nonbelief in today's world—and how everyone becomes pigeonholed by one or the other—Tomás Halík teaches us that God requires us to persevere with our doubts, carry it in our hearts, and allow it to lead us to maturity. For Halík, patience is the main difference between faith and atheism. Faith, hope, and love are three aspects of patience in the face of God's silence, which atheists interpret as "the death of God" and it is not taken seriously enough by fundamentalism or the enthusiasm of "facile belief."Using the gospel story of Jesus' encounter with Zacchaeus, Halík issues an invitation to all people who stand (like Zacchaeus did) on the sideline—curious but noncommittal. The fact that Jesus gravitated to the poor and the marginalized means and that he also has a special place in his heart for diligent seekers on the margins of the community of believers.

Tomáš Halík is a Czech public intellectual, Roman Catholic priest, and scholar.

www.goodreads.com

"Truth happens in the course of dialogue. There is always a temptation to allow our answers to bring to an end the process of searching, as if the topic of the conversation was a problem that has now been solved. But when a fresh question arrives, the unexhausted depths of mystery show through once more. Let it be said over and over again: faith is not a question of problems but of mystery, so we must never abandon the path of seeking and asking. Yes,"
— Tomáš Halík, Patience with God: The Story of Zacchaeus Continuing In Us

Die kuns van pad beduie is 'n verlore kuns

Dana Snyman

Nee, ek het nie 'n GPS nie. Op my slimfoon kan dalk een wees, maar ek het dit nog nooit gebruik nie.

Ek is die ou wat jou by 'n vulstasie of op 'n sypaadjie voorkeer en vra om my die pad hiernatoe of daarnatoe te verduidelik – die een wat gereeld moet hoor: "Het jy nie 'n GPS nie?" Mense kan lekker ongeduldig met jou raak, hoor.

Hoe vinnig verander 'n nuwe tegnologiese ontwikkeling nie iets in party van ons se persoonlikhede nie.

Party mans, dit was altyd 'n man, het hul eens geroem op hul vermoë om vir jou 'n pad te kan verduidelik.

Ons almal ken so 'n ou. Hy sou maklik iemand in die rede geval het wat besig was om vir jou aanwysings te gee: "Nee, kom ek verduidelik vir jou. Jy draai hier voor regs, en dan . . ."

Nou ry daardie selfde ou in sy groot bakkie rond, met 'n GPS hier voor teen die ruit vasgeplak, en kyk meerwaardig na jou as jy vir hom sê jy het nie 'n GPS nie.

Dis die kêrel wat nie rus vir sy siel sal kry voordat hy nie 'n GPS-koördinaat vir elke paadjie en driffie in Suider-Afrika het nie. 'n GPS het vir hom iets met manlikheid te doen. Om in beheer te wees. Ook van die omgewing.

Hoe ironies: Dit is ook die ou wat vir jou sou sê 'n vrou weet nie hoe om pad te verduidelik nie. En nou voer hy dikwels gedienstig die bevele uit wat die vrouestem oor sy GPS vir hom gee: "In fifty meters turn left . . ."

Is dit nie soms nodig om 'n bietjie te verdwaal as jy nuwe ontdekkings in die omgewing en oor jouself wil maak nie?

Of dis seker nie regtig wat jy wil doen as jy iewers by 'n dringende afspraak moet uitkom en nie die pad soontoe kry nie.

Maar iets in my verlang terug na die dae toe jy by 'n oom langs die pad kon stilhou en hom vra: "Hoe nou verder, Oom?" 'n Oom wat jou tydsaam terug op die regte pad kon kry.

"Jy ry nou hiervandaan, reguit. Ry net reguit tot by die tweede stop. Op linkerkant sal jy 'n gebou met 'n blou dak sien. Dis die bakkery. Bak die lekkerste brood . . ." Inligting wat geen GPS vir jou kan gee nie. Of kan dit?

So 'n oom se aanwysings het soms ook 'n kort geskiedenisles ingesluit. "Dan gaan jy af teen daardie afdraand, onder maak die pad so 'n draai, en dan gaan jy oor 'n bruggie. Ou generaal De Wet-hulle is tydens die Boere-oorlog met hul perde daardeur . . ."

Soms het so ’n oom ook vir jou gewys op dit wat nie meer daar is nie. “Nes jy deur daardie dippie is, op linkerkant, was daar eens ’n sementdam . . .”

Die kuns van pad beduie is ’n verlore kuns. In hierdie verdwaalde wêreld verbeel ons ons toenemend ons weet presies waar ons is.

Miskien sal ek ook maar die een of ander tyd die GPS op my foon begin gebruik.

Ek weet nie. ’n Mens is van weinig meer op aarde seker.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/die-kuns-van-pad-beduie-is-n-verlore-kuns-20191018

“To say to an Orthodox Jew, “I would like to have dinner with you,” is understood as “I would like to enter into friendship with you.” Even today, members of Orthodox Jewry will share a donut and a cup of coffee with you, but when they extend a dinner invitation, they are saying, “Come to my mikdash me-at, my miniature sanctuary, my dining-room table, and we will celebrate the most beautiful experience that life affords—friendship.” That is what Zacchaeus heard when Jesus called him down from the sycamore tree,”
— Brennan Manning, A Glimpse of Jesus

“We define our identity always in dialogue with, sometimes in struggle against, the things our significant others want to see in us. Even after we outgrow some of these others—our parents, for instance—and they disappear from our lives, the conversation with them continues within us as long as we live.”
— Charles Taylor, Multiculturalism

“The awareness of the ambiguity of one's highest achievements - as well as one's deepest failures - is a definite symptom of maturity.”
— Paul Tillich

“Christianity sees in the picture of Jesus as the Christ a human life in which all forms of anxiety are present but in which all forms of despair are absent.”
— Paul Tillich, Systematic Theology, Vol 1

“Grown-ups love figures... When you tell them you've made a new friend they never ask you any questions about essential matters. They never say to you "What does his voice sound like? What games does he love best? Does he collect butterflies? " Instead they demand "How old is he? How much does he weigh? How much money does his father make? " Only from these figures do they think they have learned anything about him.”
— Antoine de Saint-Exupéry, The Little Prince

Brood vir die pad

Die Hervorming, Martin Luther en Cranach se kuns

RRV

Die laaste Sondag in Oktober vier Protestantse kerke Hervormingsondag, gedagtig aan Martin Luther wat op 31 Oktober 1517 sy 95 stellinge volgens oorlewering teen die sydeur van die Kasteelkerk in die Duitse dorpie Wittenberg vasgespyker het.

Hiermee het hy geprotesteer teen kerklike wanpraktyke en teologiese wanvoorstellings, en so ’n hervormingsbeweging ontketen wat ’n radikale invloed op die kerk en samelewing sou uitoefen.

In een van die ander kerke in Wittenberg, die Sint Maria-stadskerk, vind ’n mens ’n besondere altaarstuk deur die skilder Lucas Cranach die Ouere (1472-1553). Luther het talle kere in dié kerk gepreek, en was met Cranach bevriend.

’n Skildery aan die onderkant van die altaarstuk het al heelwat kommentaar ontlok, ook deur diegene wat oor die prediking nadink. Die Stellenbosse teoloog Johan Cilliers verwys byvoorbeeld daarna in sy boek Die lewende stem van die evangelie: Nuut gedink oor die basiese beginsels van prediking.

In Cranach se skildery (voltooi in 1547, kort ná Luther se dood) tref ’n uitbeelding van Christus in die middel wat aan die kruis hang eerste die oog. Heel aan die regterkant sien ’n mens Luther op die kansel. Sy linkerhand rus op die Bybel, en met sy regterhand wys hy na Christus. En heel links, in Luther se gesigsveld, vind ’n mens deel van die gemeente (volgens sommige ontleders is Cranach self daar, asook Luther se vrou en seun).

Wat dikwels aangaande hierdie skildery uitgewys word, is dat Luther sy een hand op die Bybel hou, en dat sy prediking daarom in die Bybel gegrondves is. Tog kyk hy nie na die Bybel nie, maar wys hy heen na Christus.

Sonder Christus is die Bybel dus vir hom ’n dooie boek. Elders skryf Luther dan ook: “Wat die Bybel die Woord van God maak, is nie dat dit onfeilbaar is nie, of dat dit as bron van gesag in teologiese en religieuse debatte kan dien nie. Die Bybel is die Woord van God omdat hierin Jesus as die vleesgeworde Woord na ons toe kom.”

Cranach se skildery, soos Luther se teologie, wil die gekruisigde Christus as die middelpunt plaas. Maar dit is ook gou duidelik dat dit nie hier oor ’n dooie Christus gaan nie.

Volgens sommige verbeeld hoe die lendedoek om die gekruisigde Christus gedrapeer is, amper asof dit in die wind wapper, reeds iets van die wonder van die opstanding – ’n gedagte wat in lyn is met Luther se oortuiging dat die lewende Christus lewegewend teenwoordig in die prediking, die sakramente, asook in mense se lewens is.

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/die-hervorming-martin-luther-en-cranach-se-kuns-20191025

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

wynandgnel@outlook.com 082 901 5877